RAADSBELEID

ONDERWERP : PUBLIEKE DEELNAME : BEGROTINGSPROSES

VERWYSING : 5.1.B

BESLUIT NR : 24.7/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om ‘n raamwerk vir publieke deelname vir begroting daar te stel.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die nastrewing van die beginsels van publieke deelname, soos vervat in die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

RIGLYNE

1. Die voorgstelde Wet op Finansiële Bestuur van Plaaslike Owerhede stel dit duidelik dat die begroting reeds **4 (vier) maande** voor die einde van die finansiële jaar in konsepformaat vir insae, beskikbaar moet wees. Om die begrotingsproses betyds te voltooi, moet dit jaarliks reeds in Oktober 'n aanvang neem.

2. Die GOP vorm die basis van die Raad se begroting (Finansiële Plan) en moet alle begrote items 'n deel vorm en in lyn wees met die GOP-prioriteite.

3. ‘n Publieke deelname program moet reeds gedurende die begin van Oktober 'n aanvang neem.

4. Dit sluit in:

   - ❑ Radio
   - ❑ Pers
   - ❑ Gemeenskapskomitees/Wykskomitees
   - ❑ Vergaderings
   - ❑ Briewe aan alle groepe

PROSEDURE

1. Bewusmaking sal deur middel van die radio, pers en briewe aan alle groepe geskied.

2. Die Administrasie moet, in oorleg met die Raadslede, ‘n program vir publieke deelname daarstel.

3. Die proses sal tot einde Februarie voortduur.

ROLLE

1. Die Hoof Rekenmeenster.

2. Raadslede

3. Skakelbeampte

VERWANTE BELEID

1. Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
2. Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.